Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Redaksioneel

Ons het aan die einde van nog 'n jaar gekom. Meeste van ons kan terugkyk op 'n goeie jaar, waarvoor ons dankbaar mag wees, want alles wat goed is kom van ons Vader. Geen jaar is sonder sy probleme van watter aard ook al hetsy slegte eksamens, liefdesteleurstellings of ander probleme, maar ons mag weet dat ons Vader ook daarvan weet.

Aan die einde van van die jaar mag ons ook weer voornemes maak vir die begin van die nuwe jaar. Ons hoef nie agtertoe te bly kyk nie, maar mag vorentoe kyk. So mag ons ook vorentoe kyk na die koms van Christus. Is ons wel genoeg bewus van die lewe na hierdie lewe? Ons is so besig met ons eie dinge hier, ja, selfs met ons Bybel en geloof, dat ons nie verder dink aan 'later', daar waar ons tog eintlik vir en na toe lewe.

Tog wil ons nog bietjie terugkyk op die jaar van die Olielamp, ons mag dit sien as 'n goeie jaar aangesien die Olielamp nogsteeds bestaan. Dit is te danke aan al die mense wat so ywerig vir ons artikels skryf en ingee, daarom ook baie dankie daarvoor en ons hoop dat julle besef dat al hierdie gawes van God kom en ons Hom daarvoor altyd weer mag dank.

In hierdie Olielamp is dit ook die voorbereiding vir die kongres waarnatoe ons mag uitsien. Dit beloof om hope pret en plesier te wees. Vir die wat nog nie weet nie die tema vir die kongres is: Christelike lewenswyse, waar ons wil kyk hoe 'n Christen as kind van God mag leef en regeer. Dit is ook as voorbereiding op ons lewe saam met Hom.

Geniet die laaste uitgawe van die jaar.
Groete namens die Kaapse-redaksie

Sjirk

Jaargang 8 nr 9, Desember 2004

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Hebreërs 8: 8-13	2
"Verbly jou, o jongeling, in jou jeug"	3
Op Pad	**5**
Die GROOT "JA"	5
Voel Jy Ook So?	**7**
"HERE, Stel 'n wag voor my mond"	7
Evangeliseer?	8
Voetspore	**10**
Gedigte	**11**
Hart van glas	11
Ander	**12**
Kongres Voorstudie:	**12**
Christelike vryheid en die gemeente	12
Die Christen en Politiek.	13
Christelike lewensstyl	14
Kultuur en Christenskap	15

Uit die Woord

Hebreërs 8: 8-13

Bertha de Jager

In die laaste deel van die verbondsfase van Salomo tot voor Christus se geboorte op aarde, sien ons weer die voortsetting van Christus se kerk, al was daar so baie afval en verbondsontrouheid. God is nie met die hele hart gedien nie. Nie deur die konings of die volk nie. Diens aan God was net lippediens.

Afval in die 10-stammeryk was veral groot. Herhaaldelik is hulle gewaarsku. Selfs vanuit die tweestammeryk Juda. Die afval het egter voortgegaan en daaruit volg dan God se skeibrief deur die ballingskap.Deur die tweestammeryk Juda het God deur die nageslag van Dawid aan die geboorte van Christus op aarde gewerk. Tog was daar ook beeldediens en afgodery as 'n koning van die verbond van God afwyk. So het die afval onder die volk ook al hoe groter geword. Onder koning Manasse was daar gruwelike sondes en het die Here besluit om ook die tweestammeryk in ballingskap weg te voer.

Juda is net soos Israel gereeld vir die verbondswraak gewaarsku en na die dien van die Here teruggeroep. Maar tervergeefs. Hoe staan dit met ons? Luister ons nog na die waarskuwings wat deur die prediking, huisbesoeke en onderlinge omgang met mekaar na ons toe kom? Soek ons die mense wat nie meer op die pad van die Here gaan nie, of praat ons net oor hulle?

So is al twaalf stamme weggevoer. Dit was 'n dieptepunt vir God se kerk. Die verbreking van die huweliksband het van die kant van Israel en Juda gekom. Hulle het ander gode gaan soek en dien. Beide stamme het goed geweet dit beteken dat die verbondswraak oor hulle sal kom.

Maar God se genade is groot. Hy neem 'n oorblyfsel van die volk en gaan daarmee verder. Die mure van Jerusalem word herbou, die tweede tempel gebou en die erediens vind weer volgens die wet van God plaas. As die tweede tempel ingewy word, is die sondoffer volgens die getal van die stamme vasgestel. God se trou aan Sy verbond word dan ook deur die Psalms besing en ander OT boeke bekend gemaak.

Hierdie verbond strek verder as net die volk van God. Daarom is alle volke as nageslag van Sem, Gam en Jafet onder die vloek en wraak van die verbond as hul sonder die ware God

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Carina Bijker caad@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente gdevente@global.co.za
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

Kaapstad:
Redakteur: Sjirk Geerts 14160986@sun.ac.za
Lede: Anja Luijk, Marthie Breytenbach
Finansies: Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Albert Bijker arjanb@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

gaan lewe en heidene word. Die volk wat na Kanaän teruggekeer het, het egter gou met hul diens aan die Here te kort geskied (sien Haggai, Sagaria en Maleagi). Alles roep om die koms van Christus!!!

Gelukkig leef ons nou met die wete dat Christus gekom het om ons van al ons sondes te verlos en ook weer op die wolke sal kom om die gelowiges te kom haal en na die nuwe hemel en aarde te bring, waar ons God volmaak sal loof en prys!

"Verbly jou, o jongeling, in jou jeug"

'n Baie bekende teks uit die boek Prediker. En so aktueel, want hier word ons direk aangespreek. Ons, die kerkjeug. *"Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid."* Ons behoort immers by die kerkvolk. Die Prediker sien die pad van 'n menselewe voor hom, die pad van opgaan, blink en versink. Die jeug wat nog aan die begin van die lewe staan, moet oog hê vir die pad wat voorlê. Die jeug van vandag, is naamlik môre die ouers, die mense wat leiding moet gee en is oormôre die bejaardes van wie die kragte verminder. Daarop moet ons onsself voorberei. Wat ons nóú doen is van groot belang vir die toekoms, vir die toekoms van ons eie lewens, maar ook vir die toekoms van die kerk. Daarom kan ons hierdie lewensfase nie sommer laat verbygaan nie. Die basis vir die toekoms moet nou gelê word. Ons word nou gedwing om ons lewenshouding, ons lewensrigting te bepaal. Dit is 'n tyd waarin ons voortdurend keuses moet maak.

Allerlei vrae kom op ons af, ook oor ellende in hierdie land en wêreld d.m.v. die moderne kommunikasiemiddels. Wat moet jy van al die ellende, wat miljoene tref, dink? Die kerk lyk dan maar soos 'n klein, verdwynende minderheid. Wat moet jy dan van God se wêreldbestuur en van sy beloftes van herstel dink? Sou jy as kerkmens nie somber of pessimisties word nie? Daar is vandag ook baie geleenthede vir vermaak en feesvier. Moet jy jou afsydig hou? Moet jy maar met 'n boekie in 'n hoekie gaan sit en as 'n *spoil sport* bekend staan? Of moet jy maar met albei hande die nuwe geleenthede van uitgaan en feesvier aangryp?

Die Prediker wys ons dat vroom wees en vrolik wees nie teenoor mekaar staan nie. Om die Here te dien en om van die lewe te geniet is geen teenstelling nie, maar hoort bymekaar, sê die Prediker vir ons. Dis geen kwessie van of-of nie, maar van en-en. Dis 'n kwessie van die Here dien en van die lewe geniet. Die twee vorm 'n skone eenheid in die lewe van 'n Christen.

"Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë." Geniet van jou jong lewe, soveel as jy kan, want jeug en jonkheid is nietigheid. Dit gaan vinnig verby. Voordat jy dit besef is jou jeug en jonkheid verby. "*Weer verdriet uit jou hart en hou die kwale weg van jou liggaam.*" Sorg dat jou liggaam fiks is. Dink aan sport en higiëne. Dink aan jou gesondheid. Geniet van die lewe deur werklik bly te wees, want dit is 'n gawe wat God in die verbond aan sy kinders skenk.

In die tyd van die Prediker leef die kerk onder die druk van 'n antichristelike mag. Die situasie in die kerk is allermins aantreklik. Die wêreld het juis groot aantrekkingskrag. Die heidense kultuur en gees is besig om in Israel deur te dring. Jong oë word daardeur gelok: die wêreld is tog so mooi. So dreig die jeug van God se volk om verlore te gaan en in die groot maalstroom van die wêreld te beland. Daarom sê Prediker: as jy die mooie wêreld van God se versoening in Jesus Christus losmaak, dan is dit een groot sirkelgang van opgaan, blink en versink. Jy vind geen houvas daarin nie. As jy die heerlikheid van

hierdie wêreld soek, los van God se tempel en woord, dan kom jy nooit by die ware geluk uit nie.

Prediker wil sê: die belangrikste is dat jy tot God se volk mag behoort, want die tempel is die enigste vaste punt in die wêreld. Daar skyn die lig, daar woon en spreek die Here. Dan sien jy iets moois: hierdie wêreld behoort nie aan die goddeloses nie, maar aan God se kinders. Jy is God se kind en daarom erfgenaam van die wêreld. Geniet van alles as gawe van God. Juis die kinders van God kan werklik van die skeppingsgawes geniet. Luister maar na wat Paulus in 1 Tim 4 sê van die huwelik en die genot van lekker kos. Die dinge is deur God geskape, sê Paulus, *"om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie."* Geniet van jou lewe as verbondskind. Jy het 'n hemelse Vader. En jy leef in Vader se wêreld. Jy het 'n ryk toekoms. Wie sou dan nie bly wees en vreugde wys nie?

Prediker wys ook op die **erns** van die lewe*: "Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid, maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring".* Is dit dalk teenstrydig? Eers sê hy: jy is vry om te doen wat jou hart begeer en nou sê hy dat jy met God se oordeel rekening moet hou. Bly daar dan nog wel iets oor van die lewensgenieting?

Genieting van die lewe het niks met losbandige vreugde te doen nie. Prediker het gepraat van die vryheid en vrolikheid van kinders van God, gepraat oor vrolikheid en begeertes wat aan God se goeie wet genormeer is. Maar daar is ook 'n ander tipe vrolikheid. Jy maak dan alles los van God. Sondige begeertes en praktyke neem oor. Jy gaan jouself dan uitleef in partytjies waar daar oormatige drank, oorverdowende musiek en ongeoorloofde intimiteite voorkom. Maar dit is net 'n skynvreugde, dis leeg. Daarmee weer jy werklik nie die verdriet uit jou hart nie en hou jy nie die kwale weg van jou liggaam nie. Inteendeel. Met die skynvreugde bring jy jouself liggaamlik en geestelik in die verknorsing.

Weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring, se die Prediker. Van alles wat jy graag sien en hoor, doen of sê, moet jy aan God rekenskap gee. Het jy die Gewer, jou Skepper en Verlosser daarmee gedien? Of het jy met die gawes geknoei tot eer van die verwoester van die lewe, die duiwel, deur aan die sonde toe te gee?

"En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom." Laat jou hele lewe deur Hom bestempel word. Die kombinasie van vreugde en erns is moeilik. Om bly partytjie te hou en om aan jou Skepper te dink is dinge wat by ons dikwels moeilik saamgaan. So word die lewe in twee vakkies opgedeel. Jou geloof is dan vir die Sondag, vir die oomblikke waarop jy uit die Bybel lees en bid. Daarbuite geld ander reëls. Maar die Skrif praat 'n ander taal. Prediker ken nie so 'n tweedeling nie. Die lewe is een. As jy God as jou Vader ken, dan stempel dit jou hele doen en late. Dit plaas geen rem op jou vreugde nie. Dit laat jou juis vrolik lewe. Gelowiges is mense wat tegelyk bly en ernstig kan wees.

Jy is net een keer jonk. Durf om te lewe, durf om te geniet! Leef as dankbare kind van Hom. Dan wil jy Hom steeds meer dien en verheerlik. Dit is nou die lentetyd van jou lewe. Jou jeug is dikwels beslissend vir jou hele verdere lewe. Wat jy as jong mens leer, doen jy meestal as jy ouer word. Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom, jou oudag, en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie. Hier word gepraat van *ongelukkige dae,* omdat die ouderdom dikwels met allerlei gebreke gepaard gaan. Die oudag is 'n tyd waarin die afbraak hom op allerlei maniere wys. Die een kwaal volg op die ander. Die vermoëns verminder, die lewe lyk asof dit meer en meer somber word. 'n Mens het dan genoeg aan homself. Sou dit die ideale tyd wees om vir die eerste keer aan die Here te dink? Sou jy in so 'n situasie daar nog wel aan toe kom? Jou jeug is die bloeityd. Gelukkig is daar die jongmense wat daardie tyd gebruik om hul Skepper te soek met die liefde van hul jong hart. Die ouderdom is die tyd van die afbraak. Die bejaarde se wêreld word steeds kleiner. Die man wat vroeër so fiks was, kan nou nie meer goed loop nie. Hy raak bedlêend. Netnou is alles hier verby, want die mens gaan na sy ewige huis. Daar lê die lewenswerk voor God. Niks kan meer verander nie en sy lewensvrug kom nou-nou in die gerig.

Daarom: dink aan jou Skepper as jy nog jonk is. God het reg op jou jong lewe. Hy het dit geskep en bewaar. Dan eers kan jy werklik in hierdie wêreld bly wees en feesvier. Die wêreld gaan oop vir jou as die wêreld van Vader. Jy sien die pragtige skeppingsgawes van God en die mag van die sonde wat alles probeer bederf. Jy ken die vryheid en vrolikheid van die kinders van God en jy sal daarvoor oppas om nie weer opnuut slaaf van die sonde en Satan te word nie. Jy weet dat jy 'n kind van Vader in die hemel is en erfgenaam van die wêreld. Met so 'n afkoms en toekoms is ons baie ryk en kan ons werklik bly wees.

Verwerking van 'n preek van Ds C Kleijn, gehou op 31 Oktober 2004 te Pretoria

Die GROOT "JA"

Lieze Bron

My geloofsbelydenis was nog nie eers 'n dag oud toe ek genader word om hierdie artikel te skryf. Wie beter as 'n persoon wat nounet daardeur is? Tog het dit my 'n rukkie gevat om die regte woorde te kry en het ek lekker kopgekrap…

Wat doen jy as jy jou geloof bely? Wat beteken dit as jy jou geloof bely? Tydens Openbare Geloofsbelydenis staan jy op en sê openlik voor die gemeente dat jy vir God kies. Dit is 'n groot stap en 'n belangrike besluit. Verder erken jy dat jy aan God wil behoort en nie sonder Hom kan of wil lewe nie. 'n Mens dink dat dinge gaan verander as jy "ja" gesê het en tog gaan jou lewe aan. Aan die ander kant, behels diè paar sinne baie meer as wat ons dink. Dit gebeur nie alles op een slag nie. 'n Mens groei daarheen. Om belydenis te doen is 'n groot gebeurtenis in elkeen se lewe. Die formulier sê ook dat jy nou voor God en Sy

gemeente staan – onder 'n geopende Hemel en openlik op aarde.

Die Here het jou gemaak. Jy was nog net 'n baba toe die Here al gesê het dat Hy jou Vader wil wees. Hy het 'n belofte vir jou gegee: Jy mag Sy kind wees. Hy wil vir jou vergifnis van sonde gee, wat deur die Here Jesus Christus verdien is. Hy wil ook deur die Heilige Gees geloof en wedergeboorte in jou werk.

Sonder om jou toestemming te vra het die Here, in Sy liefde, Sy verbond met jou opgerig. Dit het alles eensydig plaasgevind. Ons weet almal dat hoe groter 'n mens word, hoe meer verantwoordelikheid kry jy. Dit moet al hoe meer so wees, dat jy op die ou-end die Here se beloftes en eise self aanneem en daarvolgens begin lewe. Dit is dan wanneer God se verbond tweesydig begin funksioneer. Dit is wat God in liefde van ons soek en eis.



Om so te kan leef, moet ons weet wie die Here is en wat Hy van ons verwag. Daarom het ons die kennis van God se Woord nodig. Ons moet weet wat die Evangelie is en ons moet dit bely. Om te bely, beteken dat jy met oortuiging beaam wat die Here vir jou sê. Dat jy in liefde vir die Here met jou eie woorde sê wat ons in die Bybel lees.

Jy moet die Evangelie goed ken om waarlik jou eie verantwoordelikheid op te neem en dit in die kerk te erken. Almal wat bely sal begin om saam met die ander gelowiges in eie verantwoordelikheid vir Christus te stry. Hulle doen dit saam met God se volk en vier daarom saam met God se volk die Nagmaal. Diè belangrike dag is nie aan ouderdom gekoppel nie. Daar word net van elke dooplidmaat verwag om uit te kom en tot 'n persoonlike keuse te kom. God het eerste vir jou gekies. Op God se ewige keuse grond jy nou jou eie persoonlike keuse.
Wanneer jy jou geloofsbelydenis aflê, sluit jy die fase as dooplidmaat af en begin jy 'n nuwe lewe as selfstandige Christen. Jy beloof aan God dat jy Hom wil dien. Jy beloof egter nie dat jy nooit weer in sonde sal val nie. Elke dag sal jy nogsteeds in jou geloof groei. God sal jou vir die res van jou lewe aan jou belofte hou en jou ook daaraan herinner wanneer dinge moeilik lyk. Uit ons eie sal ons dit nooit kan doen nie.

My Ouderling het op my laaste besoek voor my belydenis vir my Ps 119 gelees. Dit is 'n goeie voorbeeld van die heerlikheid van die Woord en baie vrae word in die stuk beantwoord. Dit handel hoofsaaklik oor die wet van die Here. 'n Baie spesiale samevatting van die gedeelte vir my is :
Slegs in U spoor kan die lewe lewe wees.

"HERE, Stel 'n wag voor my mond"

Mirjam de Vries

Dit is 'n Saterdagaand 20:00 en jy sit die TV aan. Jy besluit om die fliek op SABC 1 te kyk. Dit lyk baie interessant, maar nog nie vyf minute in die fliek in nie, het jy al twee keer die uitdrukking "O my God!" gehoor. Jy skakel oor na SABC 2 en beland in die middel van 'n sekstoneel. Sodoende skakel jy maar oor na SABC 3. Binne die eerste paar minute is die F-woord al meerdere kere gebruik, maar jy kyk tog nog verder. Op 'n stadium dink jy by jouself dat die taal in hierdie fliek maar veel te wense oorlaat, maar tog kyk jy die fliek tot die einde. Hoekom skakel ons nie meer die TV af as sulke kru taal gebruik word nie? Is jou antwoord op hierdie vraag ook: "Wel, dit is mos maar hoe almal praat. Dit is normaal. Tenminste *vloek* hulle nie regtig nie..." ?

Die HAT definieer vloek as volg: "*Verwensing; vervloeking onder die aanroep van Goddelike mag. Godslasterlike taal gebruik; kragwoorde gebruik*". Die HAT stel vloek gelyk aan kragterm of bastervloek en bastervloek word weer as volg definieer: "*versagte vloekwoord*". Sien ons dit ook so, of beskou ons vloek net as die oneerbiedige gebruik van God se Naam?

Hoe aanvaarbaar is ons taalgebruik vandag? Hoe reageer ons op ons vriende en kennisse se taalgebruik? Hoeveel vloekwoorde en kragterme ken en gebruik ons? Hoekom gebruik ons hierdie woorde? Is dit verkeerd, of is daar 'n aanvaarbare en toelaatbare rede daarvoor? Wanneer gebruik ons dit en is dit regtig nodig? In Ef 4:29 staan: "*Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.*" Vervul kru taal en kragterme hierdie doel?

Dink jouself in die volgende situasies in:

Scenario 1: Jy loop nog heel rustig, kaalvoet in die tuin en geniet die gevoel van die gras tussen jou tone. Die volgende oomblik verskyn daar 'n klip vanuit nêrens en jy stamp jou toon lelik stukkend. Hoeveel van ons sê op daardie oomblik "Eina!!" ?

Scenario 2: Jy is oppad lughawe toe. Jou vlug vir jou vakansie Europa toe vertrek oor een uur. Jy is opgewonde en senuweeagtig. Op die lughawe haal jy jou tas uit die kar en eweskielik besef jy jy het jou paspoort vergeet! Is die eerste woord wat oor jou lippe kom regtig "Oops!" ? En indien nie, hoekom nie?!

Die meeste van ons het 'n redelike groot verskeidenheid van kragterme in ons woordeskat en daardie terme word op 'n daaglikse basis gebruik. Wat is die verskoning daarvoor? "Wel, dit is mos maar hoe almal praat. Tenminste *vloek* ek nie regtig nie en praat ek nie so lelik soos my buurman nie!!"

Daar word nog verskillende ander verskonings gegee hoekom dit nie so erg is om kragterme te gebruik nie:

- "Jy kan net soveel beter uitdrukking aan jou emosies gee. Almal verstaan dan presies wat jy bedoel."

Wel, het alle ander beskrywende woorde dan hulle nut en waarde verloor? Hoekom is woorde soos *enorm, reusagtig, yslik, wonderbaarlik, fantasties, uitermate, ongelooflik, ens.* nie meer deel van ons woordeskat nie?

- "Die helfte van die woorde wat vandag as kragterme gedefinieer word, was vroeër heel normale gebruikswoorde. Dit is nie ons skuld dat die gemeenskap 'n slegte betekenis aan die woorde heg nie!" Nee, dit is nie ons skuld nie, maar die gemeenskap heg nou wel die negatiewe waarde aan daardie woorde en moet ons die woorde sodoende nie maar net uit ons woordeskat verwyder nie?
- "Dit is mos maar hoe almal praat. Dit word as normaal aanvaar." Net omdat almal so praat, maak dit nie normaal nie en bowenal nie reg nie! Tien jaar terug het ons omtrent agteroor geval as iemand die F-woord in 'n sin gebruik het. As ons net 'n woord soos *wragtiewaar* gebruik het, het ons ouers ons monde met seep uitgewas!! Nou is dit "normaal". Beteken dit dat ons oor nog tien jaar die uitdrukkings "O my God!" en "Jesus!" ook as normaal gaan aanvaar?

Ons het die plig om mekaar se taal te beoordeel en te kritiseer indien nodig, maar ons moet eerstens elkeen by onsself begin. Ek kan nie vir jou sê dat die een woord absoluut verkeerd is en die ander een nog aanvaarbaar is of nie. Ek dink ons het almal die verstand en die verantwoordelikheid gekry om self daaroor te oordeel!

In die Bybel staan: " *HERE, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe.*" (Ps. 141:3). Miskien moet ons hierdie verantwoordelikheid met net 'n bietjie meer erns opneem!!

Evangeliseer?

Ruard Stolper

Ek het lank gedink oor wat die opskrif vir hierdie artikel moet wees. Hoekom? Omdat ons so baie keer vooropgestelde menings oor persone het. Hoeveel keer het ek al nie die olielamp oopgemaak, na die opskrif en skrywer van 'n artikel gekyk en besluit om dit nie te lees nie, want ek weet al klaar wat die persoon gaan skryf. Nou skryf ek self 'n artikel en, ironies genoeg, is ek bang dat mense met my artikel doen, soos ek met hulle s'n. Ek wil graag vir elkeen van julle vra, lees hierdie artikel sonder om 'n vooropgestelde mening te vorm en sonder om te dink: "Ruard het dit geskryf, dus sal hy dit en dit sê." Laat ons weer ons vooropgestelde menings van mekaar vergeet.

Die woord evangelisasie is in ons gereformeerde kerke al holrug gery. Hoeveel keer het ons al daaroor gepraat? Maar hoeveel pratery het werklik iets tot gevolg gehad? En wat het in die aksies wat daar al was gebeur …?

Ek is 'n idealis en 'n dromer en het dus met groot drome en ideale in die evangelisasie ingeduik. Maar tot my grootste skok, het ek al gou agtergekom dat my eie ywer besig is om af te koel en dat die liefde en ondersteuning wat evangelisasie vanuit die gemeente moet ontvang, baie keer nie daar is nie. Hierdie alles, asook 'n paar ander faktore, het by my 'n geloofskrisis tot gevolg gehad. Ons gemeente en ook soveel ander gemeentes, is so ver vanaf die ideale beeld van 'n kerk soos wat dit in die Bybel geskilder word (Hand 4:32-37). Maar stadig maar seker het ek begin besef dat ek die laaste een is wat oor ons kerk, oor die Christen, kan kla, want wie is ek…? Dit is die rede hoekom ek hierdie artikel skryf. Ek wil my eie roeping uitlewe en hopelik weer waarde aan die woord evangelisasie gee.

Jy het 'n roeping, 'n amp om te vervul. Jy is 'n priester, profeet en koning. Vir evangelisasie sal ons vandag by jou en my amp as profeet stilstaan. Profeet van Christus. Jy moet as profeet van Christus die evangelie verkondig[1]. Hiermee kan seker almal saamstem. Maar hoe lewe ons dit uit? Dit is altyd die kritiese vraag. Is dit genoeg om "once upon a time" vir jou vriend of vriendin te sê dat hy/sy nie moet vloek nie en dan vir die res jou evangelisasiewerk aan jou Christelike lewensstyl oor te laat? Daar is immers net bepaalde mense geroep om prakties te evangeliseer. Ons talente verskil immers. Nie almal het die talent om te evangeliseer nie. Is bogenoemde manier van evangelisasie reg, of het ons elkeen 'n veel meer praktiese roeping om die evangelie te verkondig? Hierdie vraag gaan ek nie in detail bespreek nie, net 'n weervraag : Is persone wat bogenoemde verskonings gebruik nie maar net besig om lyf weg te steek en dan mooi gereformeerde redes vir hulle luiheid te soek nie? Waar is die Christen wat saam met Christus kan sê: "Die ywer vir U huis het my verteer"[2]? Ons moet so veel as moontlik vir Christus doen, nie so min as moontlik nie. Ek is oortuig daarvan dat elke evangelisasieprojek jou en my talente iewers kan gebruik.

Nou prakties, voordat ek ook in die slaggat val van praat sonder om iets te doen. Ons vereniging het 'n ruk terug 'n uitreik gedoen in Sunnyside Pretoria. Die projek het hoofsaaklik die uitdeel van blikkies kos, met 'n Bybel vers daarop geplak, behels. Die uitreik het verskillende reaksies uitgelok. Positief, omdat sommige jeug voel dat hulle uiteindelik hulle geloof en roeping prakties kan uitlewe. Negatief, omdat die nut van so 'n uitreik-aksie nie ingesien kan word nie. Ek kan die reaksies volkome verstaan. Ek self worstel ook met die vraag, hoe kan ons in ons huidige samelewing evangeliseer? In die volgende uitreik sal ek graag saam met die jeug van ons kerke iets wil doen. Nie, weereens, net 'n klein positiewe groepie nie. Maar hoe ons ons lig kan laat skyn, bly die vraag. Hierin sal ek graag hulp van jou wil ontvang.

Hierdie is die hoofrede hoekom ek die artikel geskryf het. Ek sal graag wil hê dat ons begin om as VGK-jeug weer 'n sout en lig vir die wêreld te wees. Kan ons nie ophou om elke Vrydag en Saterdag aand ons geld net op ons eie kuiers uit te gee nie? Kan ons nie dalk ons kongres met 'n uitreik kombineer, in plaas daarvan om net op onsself te konsentreer nie? Kom ons evangeliseer! En Christus sal ons seën. Indien ons minder op ons eie ou kringetjie fokus, sal baie van die probleme in ons eie kring opgelos word. Die idee om kongres met 'n uitreik aksie te kombineer, het nog altyd baie teenkanting gekry, omrede mense sê dat kongres daar is om die bande binne die kerk se jeug te versterk. Ek is daarvan oortuig dat die bande baie meer versterk gaan word, indien ons hande vat en iets sinvols op kongres gaan doen.

Ek het nog nie 'n definitiewe plan van aksie nie. Dit is hoekom ek hierdie artikel skryf. Ek soek idees, gedagtes, planne. Dink asseblief weer oor hoe jy jou profetiese amp kan uitlewe. Hoe jy dit in die kerk wil doen, saam met jou mede-kerkjeug. Wat dink jy van 'n hospitaal uitreik? 'n Uitreik in die tronke? Hoe sal jy 'n evangelisasie-projek wil invul? Sal jy betrokke wil raak by 'n kinderhuis? Sal jy prakties betrokke wil raak by evangelisasie projekte? En indien nie, hoekom nie? Mail asseblief vir my jou idees, of jy in Kaapstad, Johannesburg, Bethal of Pretoria is, dit gee glad nie om nie. My E-mail adres is: ruard_stolper@hotmail.com

[1] Markus 16:15
[2] Johannes 2:17

Absolutely amazing! Dit is nou die Amazing Race wat deur Marlene en haar vereniging gereël is (Marlene word met name uitgelig, die ander is natuurlik nie minder belangrik nie). Dit was Amazing in meer as een opsig. Eerstens is die naam van die kompetisie Amazing (Race). Deur die kompetisie so te noem, het die organiseerders natuurlik groot druk op hulleself geplaas, maar die algemene siening van die deelnemers, na die lang loop met die genot van 'n verversing byderhand, was dat dit nogal amazing was. Verder was dit ook AMAZING (hier word die hooflettertegniek gebruik ter beklemtoning) dat die groep Rolling Stones, heeltemaal verkeerd gerol het, en in 'n obskure plek, volgens insiders net-net nie Danville nie, beland het. Dit was al voor die eerste stop, "Switserland". Die mees opvallende is dat hulle uit 3 befaamde stappers bestaan, wat meerdere male per week met 'n groepie skinder en tussendeur 'n endjie stap. Maar ondanks hul ervaring in stap, kon hulle nie goed genoeg rol nie en was hulle naam niks meer as 'n vae herinnering aan die groep wat die wêreld lank terug geskok het nie.

Die Top en Flop kompetisie van die Amazing Race is ook bekend. Die span P^2 (Ronald, Eric en Iwan), wat vantevore belowe het dat hulle hul titel sal behou as die Amazingste, het hopeloos gefaal en is dus voorlopers in die Flop kompetisie. Nog Flops: die algehele voorlopers vir so omtrent 90% van die kompetisie, Attie, Elizabeth en Linda, wat by Kanada hul topposisie verloor het. Dit was miskien ook die mees ontroerende en skokkende van die kompetisie, en sekere mense glo nog steeds hulle het at least die tweede plek verdien. Hou hulle dop volgende keer mense! Nietemin, ongelukkig: 'n Flop. Verder was niemand regtig flops nie, behalwe dalk die douane by Switserland en Kanada wat ongelooflik bureaukraties was.

In die Top kompetisie moet ten eerste die Dapper Stappers (Henk Zweers en vriende) genoem word. Hierdie span het die algehele kompetisie gewen op hulle debut. Baie geluk! Verder: Rudy de Vente se span was nie sleg nie en tante Nellie se span wat, ondanks hul nie te onderskatte ouderdom nie, tog mooi amper laaste gekom het. Nie sleg nie!

Die studentevereniging is uiteindelik weer aan die gang, na 'n sloerfase van ongekende tyd. Die eerste vergadering sinds jaar en dag was nogal indrukwekkend, dit was selfs deur 'n parlementslid verteenwoordig. Nee, nie Jacob Zuma nie, hy het 'n belangrike transaksie gehad wat hy moes teken. Nee, dit was die VF+ se Willie Spies, tewens ook lid van ons kerk. Eers het almal die gewone regular roetine vrae gevra, soos byvoorbeeld wat ons rol in die politiek kan wees, en of die politieke agenda in die breë spektrum van die wêreldekonomie en onderlinge volhoubare ontwikkelingsdebatte oor kleinsake en grootsake in konteks van Artikel 9b van die grondwet wel verantwoord is (spesifieke verwysing na die Amerikaanse grondwet se Paragraaf 16 van Deel 2). Niemand het gedurf om die Groot Vraag te vra nie. Dit sou teveel wees. Alhoewel almal dit wou weet (dit is mos amper die belangrikste) het dit baie lank gevat voordat iemand die moed gehad het om dit wél te vra: Sparkie. Die vraag was "Slaap u ook tydens die

vergadering?". Willie se reaksie: "Zzzzzzz!". Mede hierdeur, maar eintlik vanweë die meeste fasette van 'n baie interessante aand, was die aand 'n groot sukses.

Verder net 'n kort kennisgewing op versoek. Alle jeuglede van Pretoria en Maranata wens die Kaapse jeug baie geluk met hul span se puik vertoning in die Currie Cup. Hou so aan, manne. Ons sal maar net aangaan om ons pryskas te vergroot, want hy puil uit van silwer en goue objekte die laaste tyd.

Deur hierdie besige agenda deur, het niemand vergeet dat dit binnekort kongres is nie, en is alle planne al uitgewerk hoe om in die Kaap uit te kom. Hierdie was 'n kort waarskuwing op versoek.

Tot dan, goeienag

Voetspoor

Hart van glas

Vir U is my hart van glas.
Niks is vir U verborge.
Die kwaad, die sondelas,
my angste en my sorge.

U kyk dwars deur my siel,
waar niemand ooit kan kom.
As ek dan vir U kniel,
wil my gebed verstom.

U liefde kan ek nooit verstaan.
U het U self gegewe.
Die weg wat U moes gaan
gee my die eew'ge lewe.

Uit Hart van glas
K.v.d.Veen

Kongres Voorstudie:

Christelike vryheid en die gemeente

Ds.Viljoen

Martin Luther skryf 'n boekie oor die vryheid van 'n christen - 'n baie mooi boek wat ek wens elkeen van julle sou kon / wou lees. Hy sê dat hy sy boekie skryf vir veral ongeleerde mense. Dit is ouens soos ek en julle. Om dit maklik te maak vir sulke ongeleerdes soos ons om te verstaan waaroor sy hele boek gaan, som hy sommer vooraf die inhoud van die hele boek baie kort op in hierdie woorde (my Afrikaanse vertaling, want Luther was nog nie so mooi vaardig in ons taal nie!, E.V.) :
'n Christen is 'n baie vrye heer oor alle dinge…aan niemand onderwerp nie;
'n Christen is 'n besonder diensbare kneg van almal…onderworpe aan almal.

Hierdie treffende woorde laat al duidelik sien dat as ons praat oor ons vryheid as Christene, het ons dit nie maar oor sulke eenvoudige vrae van "Wat mag?" en "Wat mag nie?". Hopeloos te maklik gaan staan ons dan teenoor mekaar en vra nie wat hierdie vryheid is waaroor ons praat nie. Wat is dit en waarvoor het ons dit gekry? Wie gee dit vir ons en waarvan is ons vry?

Ons sal moet gaan kyk wat was ons voordat ons vry geword het. Hoe lyk 'n lewe wat on-vry is? Dit is nou sommer doodgewoon 'n slawe-lewe. Hoe vergelyk dit met ons eie lewe van elke dag. Is ons vry in die manier waarop ons lewe?

Die Een wat ons vry gemaak het is ons Here Jesus Christus – as Christus ons vrygemaak het, sal ons werklik vry wees (Joh. 8 : 36). Hierdie vryheid is 'n kosbare geskenk wat ons baie goed moet oppas. Niemand mag dit van ons steel nie (Gal. 5 : 1).

Ons leef in 'n land wat hierdie jaar sogenaamd tien jaar van vryheid vier. Waarvan het ons vry geword? Is dit werklik vryheid? Verstaan ons wat bedoel word met die "demokratiese vryheid" wat vanjaar gevier word? Het hierdie vryheid enigiets met Christus te doen? Dit lyk vir my baie belangrik dat ons as christene bietjie moet gaan nadink oor wat dit beteken om vry te wees. Waarvan wil en behoort ons vry te wees?

Daar is vandag in die etiek 'n hele nuwe waardering daarvoor dat die vryheid van 'n christen net in die lewe in die gemeente beleef kan word. Is dit hoe ons dit beleef? Ervaar ons die lewe in ons VGKSA gemeentes as 'n lewe van vryheid of wil ons soms byna versmoor van gebondenheid? Wat beteken die "Vrye" in ons kerke se naam vir ons nog vandag? Ek het al gewonder of ons nog die regte dinge doen in die gemeentes om ons vryheid op te pas. Wat sou dit moet wees wat ons moet doen om seker te maak dat ons nie on-vry word nie?

Ek wou graag vir julle hiermee 'n vinnige kykie gee in die eerste gedagtes wat ek gehad het toe julle kongresorganiseerders my gevra het om oor hierdie mooi onderwerp te praat. Hoop om julle binnekort op kongres te sien!

Die Christen en Politiek.

K Haak

Die verhouding tussen die christelike geloof en die politiek kan in drie hoofstrome opgedeel word:

A. Geloof en politiek staan teenoor mekaar. 'n Mens kan maar sê dat die geloof homself negatief teenoor die politiek opstel.
B. Jy kan ook die geloof en politiek langs mekaar plaas. Dan streef jy na 'n neutrale verhouding tussen die twee.
C. Jy kan jou geloof binne in die politiek plaas en dan is daar sprake van 'n positiewe verhouding.

Kom ons kyk krities na onsself en vra onsself af in watter een van die drie katogorieë ons sal val? Is daar sprake van 'n positiewe verhouding van ons geloof teenoor die politiek?

Kom ons probeer om aan die hand van 'n aantal vrae die onderwerp in perspektief te plaas, maar ook om onsself op die onderwerp voor te berei. Terselfdertyd raak ons bewus van die omvang van die onderwerp.

1. Politiek is vuil, hoekom sal ek my hande vuil maak? Dat die politiek vuil is, weet ons almal, maar is dit tereg dat ons dan nie ons hande vuil wil maak nie?
2. Ons lewe vir 'n lewe na hierdie lewe en dan raak die politiek maar 'n baie ondergeskikte saak. Stem ons saam?
3. As ons na die verhouding kyk van geloof en politiek, het dit dan terselfdertyd te doen met die teenstelling van kerk en wêreld?
4. Is dit moontlik om met Bybelse norme politiek te bedryf? Dink byvoorbeeld aan die bergrede.
5. Kom ons los alles net so. Om regtig 'n verandering teweeg te bring is onmoontlik. Dink aan die oorgrote meerderheid wat die ANC het. En mense wat na fundamentele veranderinge streef is revolusionêr.
6. Kan dit wees dat ons (moontlike) negatiewe uitkyk op die politiek iets met ons visie oor menseregte te doen het? Ons vind nêrens in die Bybel 'n direkte verwysing na die regte van die mens nie. Ons lewe uit genade. Dan praat ons nie eens van die oorsprong van menseregte nie.
7. As ons saam help aan die verbetering van sosiale omstandighede, is dit nie maar dieselfde as om saam te werk in die tuig van die satan nie?
8. Wat is die taak van die owerheid?
9. Wat is die taak van die kerk ten opsigte van die owerheid?
10. Kan ons aan 'n party behoort wat hom nie noodwendig vir Christelike norme beywer nie?
11. Kan ons met ander christene in dieselfde Christelike party saamwerk, alhoewel ons nie aan dieselfde geloofsgenootskap behoort nie? Kerklike eenheid = Politieke eenheid?

Om die toepaslikheid van die onderwerp te illusteer net die volgende...
Is dit vergesog dat 'n verpleegkundige geforseer kan word om 'n aborsie te behartig?

Is dit vergesog dat ons kerk geforseer kan word om sekere groepe binne die kerk te akkomodeer?
Sou dit moontlik wees, dat dit wat ons in die kerk verkondig miskien 'n bedreiging vir die grondwet kon wees?

Bronnelys:

- *Politieke verantwoordelikheid* en *Ethiek en recht*. Douma, Dr J. (Vir die Dutchies)
- *Politieke en Christelike heilsbelewing in Suid-Afrika*. Engelbrecht, B.
- *Mense-regte*. Du Toit, D.A.
- *Confessie of champagne*. Dr B.P.Hagens

Christelike lewensstyl - Die navolging van Christus

H Breytenbach

1. Die Woord roep ons op tot die navolging van Christus. Matt 8:18-22, 9:9-13, 16:24-28, 19:16-30 (veral 21), Joh 8:12-14, 12:25-26, Openb 14:1-5 (veral 4). Ons word ook opgeroep tot die navolging van God (Ef 5:1-2), die navolging van Paulus (1Kor 10:32-11:1, 1Tess. 1:2-10 (veral 6)), die navolging van die gemeente van God (1Tes 2:13-16 (veral 14)), asook die navolging van die geloof van die voorgangers en ander gelowiges (Heb 13:7-22 (veral 7,17), 6:11-12). Wie agter Paulus of die voorgangers gaan, gaan agter Christus aan.

2. Wat beteken dit? Dat ons ons in alles soos Christus op aarde gedra? Moet ons Christus naboots? Nee.
Ons gaan in op die beskouings van Franciscus van Assisi (1181-1226) en Thomas a Kempis: "De imitatione Christi" (1471). Teenoor hulle hou ons daaraan: Christus se lyding en sterwe was ***in ons plek*** en onherhaalbaar.

3. Van watter aard is ***ons lyding***?
Ons moet oog hê vir die besondere eienskappe van die navolging. ***Bestudeer Matt 16:24-28 en Ef 4:17-5:21 goed.***
Navolging in die Bybel beteken gehoorsaam of dien. 1Kon 18:21.
Maar ***hoe*** moet ons Christus gehoorsaam en dien?
Nie deur sy lewensgang na te boots nie, maar sy lewensstyl na te volg. 1 Joh 2:6. Dit beteken:

1. Die gelowige sal sy roeping vervul soos wat Christus die roeping wat Hy van die Vader ontvang het, vervul het. Joh 4:34.
2. Ons sal God en die naaste dien deur Christus se liefde na te volg. Fil 1:27-2:18.
3. Soos Christus sy lyding aanvaar het, sal ons ons lyding aanvaar en in self-verloëning dra.

4. Moet ons die teenwoordige lewe verag? Nee, maar dit gaan oor die vraag ***hoe*** ons teenwoordig lewe. Is ons op Christus gerig? Die navolging van Christus, is die manier waarop mense in geloofsverbondenheid met Christus en sy gemeente lewe. Ef 2: 4-10. ***Bestudeer Joh 15 en 1 Johannes goed.***

5. Is navolging van Christus 'n "moet doen"-ding?
Nee. Om ons roeping te vervul is alleen moontlik in verbondenheid met Christus en as ons op God gerig is. Die krag van Christus en die heilige lewe word deur die Heilige Gees aan ons geskenk. Ef 3:14-19 (veral 16).

6. Dit staan teenoor John Wesley (1703-1791) se metodisme en die Opwekkingsbeweging (agtiende en negentiende eeue), waar mense die heiliging in die nuwe lewe soek wat hulle self ten toon moet stel. Ons het 'n roeping om in die navolging van die Here Jesus Christus te vervul. Die Here eis gehoorsaamheid van ons. Dit is geloof. Geloof in Christus. En dit verstaan ons ten opsigte van ons menswees in die wêreld. M.a.w. in alles wat ons is, dink, sê en doen. Ons menswees word deur die feit dat ons na God se beeld, as sy gelykenis geskape is, bepaal. Christus herstel en vernuwe ons na die beeld van God, sodat ons in die navolging van Christus, die beeld van God vertoon. Rom 8:29-30, 2Tim 3:16-17, Kol 1:24-2:3 (veral 28), HK Sondag 32. Dit is die vervulling van ons roeping om goeie werke te doen. Deur Christus se ampswerk word ons lewe en werk ampswerk en word ons as Christene bestempel. Sondag 12.

7. Ons sien die navolging van Christus in die lig van die selfverloëning. Gal 2:20-21. Dit staan teenoor sondige selfhandhawing en onafhanklikheid van Christus. Dit dring tot skuldbesef en skuldbelydenis. Ons het die versekering dat niks ons van die liefde van Christus skei nie. Rom 8:38-39. Ons mag in die

geloof in Christus verder gaan. Rom 8:5-9, Gal 5:13-26. Hierdie stryd in Christus, in die Gees wat teenoor die vlees staan, dra ons vrugte op die manier van die voortgaande bekering: Die sterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. HK Sondag 33.

8. Navolging van Christus word deur die werk wat die Heilige Gees doen moontlik, om die verlossing wat Christus vir ons verkry het (dit is die regverdiging deur die geloof) in ons lewe toe te pas. Die Heilige Gees werk in ons, sodat ons die heil wat daar in Christus vir ons is, toe-eien. Sien Calvyn in sy kommentaar op die Psalms oor die werk van die Heilige Gees.

Bronne:

eerste twee hoofstukke van ***Christelijke levensstijl*** *(J Douma)* in die reeks van *Ethische bezinning*. Ook die boekie ***Aan Christus gelijkvormig*** *(WH Velema)* in die serie *Pasmunt*. En die artikel van *JW van der Jagt:* ***Volg Mij!*** In *Nader Bekeken*, 11 November 2003.

Vrae en reaksies in verband met die onderwerp kan *voor* die kongres reeds aan ds Breytenbach gestuur word, e-pos: hbreytenbach@ebucksmail.com .

Kultuur en Christenskap

A.Roos

Dit is duidelik dat ons diskussies tydens die kongres in Desember om twee pole beweeg. Soos die onderwerp aandui gaan dit in eerste instansie oor christenskap en in die tweede instansie oor kultuur.
Hierdie twee pole is nie noodwendig teenoorgesteldes nie maar eerder moet gekyk word hoe 'n Christen in die kultuur funksioneer.
Ons sal dus moet kyk na wat 'n Christen is en wat kultuur behels.
Sondag 12 van die Kategismus werp meer lig op wat ons bedoel as ons van 'n Christen praat.
Die oorsprong van die naam "Christen" vind ons in Hand. 11: 26. Julle kan dit self oplees maar by voorkeur uit 'n Bybel met verwystekste.
Kernwoorde in hierdie Kategismus afdeling is "salwing", "bely", "toewyding" en "stryd". Ook hier gee die Kategismus bybeltekste wat met hierdie begrippe verband hou wat julle gerus maar kan naslaan. Salwing dui dalk op heiliging, op apart staan van die wêreld om ons. Hoe moet ons dan dink oor in maar nie van die wêreld wees nie?
Toewyding staan in 'n direkte verband met salwing en heiliging en gee rigting aan ons lewe van elke dag.
Stryd dui op ons verdorwe natuur waar teenoor God onverkort sy wet en opdragte handhaaf.

Dit bring ons by die begrip "kultuur". In ons besprekings wil ons verskillende elemente uitlig en ook daarop wys dat kultuur nie 'n statiese begrip is nie.
Vandag se kultuur is totaal verskillend van die ou Griekse kultuur. Plato en Aristoteles het alreeds verskil oor wat die essensie van kultuur behoort te wees. Eersgenoemde het daarop gewys dat in die norme en uiting van die daaglikse lewe 'n absolute waarheid funksioneer om rede en sin van die menslike lewe te verstaan. Aristoteles het dit eerder gesoek in die dinge van aldag wat sin aan die menslike bestaan gee.
Ons wil sien dat as die absolute waarheid prysgee word 'n mens verseil raak in allerhande "winde van leer".
Op hierdie plek wil ek nie vooruit loop op wat tydens ons besprekings aan die orde kan kom nie maar ons kan maar gerus dink aan begrippe soos humanisme, eksistensialisme (dis terloops, 'n moeilike begrip) en hoe 'n mens verward raak as die doel en sin van die lewe vanuit die eie "ek" beredeneer word.
Dalk kry ons ook geleentheid om te sien dat die Reformasie bevryding gebring het van

die "moets en moenies" soos dit deur die Roomse Kerk van daardie dae ontwikkel is. Hoekom die kerk? Onthou dat die skryfkuns in die vroeë Middeleeue beperk was tot die "*clerus*", die geestelikheid. Voorskrifte het derhalwe uitgegaan van die geestelikheid en derhalwe die kerk. Terloops, die naam "klerk" of "clerk", wat eintlik "skrywer" beteken, is direk afgelei van die woordjie "*clerus*".
Verval van die kultuur wat uit die Reformasie voortgekom het, waarmee die "absolute waarheid" losgelaat is, het plek gemaak vir nuwe denkrigtings soos o.a. Rasionalisme en Verligting waar die mens se denke sentraal gestaan het. Dit het gelei tot onsekerheid, sinloosheid en selfs chaos.
As ons tyd kry, en krag daarvoor het, kan ons tydens ons besprekings aandag gee aan sekere kunsrigtings soos impressionisme, dadaïsme e.d.m.
Dit is interessant om te sien dat die ontkenning van 'n absolute waarheid, soos die Christen dit in die Bybel vind, uiteindelik plek ingeruim het vir 'n intellektuele elite wat besluit wat waarheid en goed vir die samelewing is. 'n Sprekende voorbeeld is die Marxisme/Leninisme van die vroeë jare van die vorige eeu.
Iets soortgelyks vind ons in ons Suid-Afrikaanse samelewing. 'n Intellektuele (politieke) elite skryf min of meer voor wat goed is vir die samelewing en noem dit transformasie. Uiteindelik is die anker van ons samelewing soos vervat in ons grondwet die produk van 'n juridiese elite gegrond op 'n humanistiese wêreldbeskouing.
Uit bostaande sal dit duidelik word dat ons antiteties sal moet dink. Teenoor 'n deur die mens beheerde kultuur staan die Woord van God as absolute waarheid. Sy Woord was, is en sal altyd dieselfde wees en stand hou.
Loslating van dié absolute waarheid bring die dood. Jer. 9 vanaf vers 13 behoort ons 'n duidelike beeld te gee wat ons te wagte staan as ons "die wet wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het ..."

Voorstudie materiaal:

Kyk weer na *Sondag 12 HK* en probeer om kommentare in die hande te kry.
Wat kultuur betref is dit nie 'n maklike saak nie. Literatuur is redelik skaars en, waar dit wel beskikbaar is, moeilik en dikwels ontoeganklik.
Self het ek veel baat gevind by die boek van *Francis Schaeffer "How should we then live?"* n.a.v. Eseg. 33: 10 maar ek aanvaar dat dit nie vrylik beskikbaar is nie.
Die internet sal nie veel help nie. Kyk 'n bietjie na begrippe soos humanisme, materialisme, eksistensialisme e.d.m. maar onthou julle sal 'n sekulêre verduideliking, indien enige, daarvan kry.

Verjaarsdae

Bethal	
Marius Porter	13-Jan
Johannesburg	
Marietjie Bijker	22-Des
Kaapstad	
Magda Geleijnse	31-Des
Albert Drijfhout	4-Jan
Elsje Scheltens	10-Jan
Maranata	
Astrid van der Sluis	12-Jan
Ronnie van der Veen	7-Jan
Anton Sterk	13-Jan
Ferdinand Kerkhoff	29-Jan
Erik de Vries	14-Jan
Daniël van der Meulen	29-Jan
Kosie de Jager	18-Jan
Marinus vd Hout	19-Des
Pretoria	
Timo Schuring	28-Des
Richard de Vente	23-Des
Hans de Wit	9-Jan
Arjan van Houwelingen	18-Jan
Marianne van der Horst	31-Jan
Marjan Middeljans	15-Jan
Willemien Ros	17-Jan
Lientjie Stolper	17-Des
Iwan Agema	3-Jan
Janita Agema	25-Jan